





Die



DERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 6 SEPTEMBER 1944.

No. 42.

£1,000-Uitdaging Aan Dr. Malan i/s Noodhulp

Gevra Om Ouditeur Aan te Wys Vir Onderzoek van O.B-Boeke

Moet Ook Rekenskap Gee van Eie Party se Noodhulpgelde

Met die oog op die skandalige veldtog teen die Ossewabrandwag se Noodhulpfonds wat sorg vir die vroue en kinders wie se broodwinners in die Empire se tronke en kampe vir die vryheidsaak moet ly, en met die oog op die feit dat niemand minder nie as dr. D. F. Malan self op bedekte wyse bedenkinge teen genoemde fonds saai, het die Adjunk-kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, genl. J. A. Smith, onderstaande uitdaging van £1,000 aan dr. Malan gerig om die Fonds se geldsake te ondersoek en bewyse te probeer vind vir hul lasterveldtog.

Dr. Malan word versoek om self 'n ouditeur aan te wys, wat dan in die openbaar verslag moet doen van sy bevindings. Indien dergelike bewyse gevind word, sal die O.B. £1,000 aan die H.N.P. skenk, so nie moet dr. Malan £1,000 in die Noodhulpfonds stort.

Afskrifte van die uitdaging is per geregistreerde pos aan dr. Malan en sy pers gestuur, as ook aan Sapa en Die Vaderland, sodat die hele Suid-Afrikaanse pers met die inhoud bekend sal wees.

Die uitdaging lui as volg:

UITDAGING

(a) Na aanleiding van u uitlatings op Citrusdal en skimpe in verband met ouditering van die O.B.-Noodhulpfonds, word u, dr. Malan, hiermee uitgedaag om, onderhewig aan die aanvaarding van voorwaardes onder (b) en (c) hieronder genoem, onmiddellik 'n geïnspekteerde ouditeur aan te wys om die boeke van die O.B.-Noodhulpfonds te her-ouditeer en in die publiek te rapporteer of hy enige klag van verduistering van gelde van die Noodhulpfonds, of van kwaadwillige of strafbare nalatigheid of verkeerde aanwending in verband daarmee, kan staaf uit wat hy vind. Hy sal deur die trustees van die O.B.-Noodhulpfonds alle hulp gegee word in die uitvoering van sy taak.

(b) Sodra u, dr. Malan, hierdie uitdaging aanvaar, onderneem ek, die ondergetekende, namens die Ossewabrandwag, verder om onmiddellik £1,000 te deponeer by Volkskas, waar dit in trust gehou sal word tot tyd en wyl die ouditeur verslag doen aan die publiek, op voorwaarde dat, indien die verslag enige van bostaande klagtes onder (a) genoem staaf, ek onmiddellik die £1,000 aan die fondse van die Herenigde Nasionale Party sal oorbetalen, omgekeerd, indien die verslag van die ouditeur geen sodanige bewyse tevoorskyn bring nie, u as hoofleier van die Herenigde Nasionale Party onderneem om sonder meer £1,000 aan die O.B.-Noodhulpfonds te skenk.

H.N.P. SE FONDS

(c) U, dr. Malan, word ook verder uitgedaag om onmiddellik openbare verslag te doen uit geouditeerde state aangaande die aanwending tot op datum van die bedrae gestort in die Herenigde Nasionale Party se Noodhulpfonds in die Unie, met minstens vermelding van (i) die bedrag ingesamel, (ii) die bedrag uitbetaal aan noodhulpgevalle, (iii) die administrasiekoste van die fondse insoverre uit die fondse self gedek, (iv) die aanwending of belegging van die restant. Die Ossewabrandwag sal by herhaling dieselfde doen.

Ek doen hierdie uitdaging om nou

eenmaal 'n einde aan die belasting en skinderstories van u trawante te maak. Hierdie skinderstories is daarvoor verantwoordelik dat nog meer lyding deur die gesinne van geïnterneerdes en van hulle wat onskuldig aangehou was vir die aanranding op Mentz, verduur moet word.

(Get.) J. A. SMITH.
Adjunk-Kommandant-generaal
van die Ossewabrandwag.

(Ten antwoord op hierdie uitdaging beweer Die Burger van 1 Sept. dat dr. Malan self nie aantygings gemaak het nie. Hierdie verskoning pas dr. Malan maar sleg nadat hy die hele O.B. verantwoordelik gehou het vir die aanranding op Mentz deur veronderstelde O.B.-ondersteuners. Dan moet hy mos ook verantwoordelikheid aanvaar vir wat sy agente doen?—Red.)

DR. MALAN OOR DIE NOODHULPFONDS

Op Citrusdal het dr. D. F. Malan na dr. Van Rensburg se verklaring oor die belasting van die O.B.-Noodhulpfonds verwys en die volgende insinuasie in verband met die fonds wêreldkundig laat word: „Hy verwys na die Noodhulpfonds en ek vermoed dat die beweerde laster die uitspraak van twyfel is of al die ingesamelde geld werklik vir die aangegewe doel aangewend word.. As dr. Van Rensburg laster wil weerle, waarom volg hy dan nie die behoorlike weg en stel ouditeurs aan om met syfers sy reg aan te toon nie?”

Dr. Malan gee hiermee voor dat die O.B. geen ouditeurs vir sy geldsake aanstel nie, wat 'n onwaarheid is. O.B.-gelde sowel as Noodhulpgelde word gereeld deur erkende ouditeure nagesien.

K.G. SE VERJAARDAG

Die jaarlikse viering van die K.G. se verjaardag vind op 19 September te Paarl plaas. Verdere besonderhede omtrent tyd en plek sal later bekend gemaak word.

1914-Rebelle Het Later Gewen ten Spyte van Duitse Nederlaag

Genl. Smith oor Voorbarige Vreugde van H.N.P.-Leiers i/s Verloop van Oorlog

Die Adjunk-Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, genl. J. A. Smith, verklaar as volg na aanleiding van die bewering in H.N.P.-blaai dat die Ossewabrandwag se pad doorgeloop het omdat Duitsland die oorlog dan sou verloor het:

As Duitsland, die grootste borswering teen kommunisme, die oorlog verloor, gaan kommunisme soos 'n vloedgolf nie net oor die Balkanstate en Italië stroom nie, maar ook oor die res van Europa. Engeland en Amerika wat dit help ontketen het, kan dit in Europa nie stuit nie. Geen demokratiese bewind kan dit êrens stuit nie. Die kapitalistiese partystelsel daar en in Suid-Afrika allermins.

Dit kan alleen besweer word as die liberale en kapitalistiese beheer deur 'n borswering van nasionale sosialisme (of soos sommige dit noem, Christelike nasionalisme) vervang word. Met ander woorde, as die huidige sg. demokratiese regeringstelsel gebaseer op partyskap vervang word.

Die ganse mensheid smag na sosialisme wat Christelik-nasionaal in wese en van aard is, want deur kommunisme, die tweelingbroer van kapitalisme, gaan die minderbesittende en werkersklas ekonomies en maatskaplik ten onder.

Na die vredesluiting kom die groot ekonomiese, maatskaplike en politieke ontwrigting ook in ons land. Dan sal die stem van die volkskeurder en die vervloeker van sy mede-Afrikaner nie meer gehoor of na geluister kan word nie. In daardie smarte sal 'n eenheidsvolk gebore word.

Dis merkwaardig hoe die huidige vyande van die O.B. hul verheug in die waarskynlike ondergang van Duitsland, omdat hulle daarin 'n moontlike verlies vir die O.B. hoop te sien. Ek dink veral aan 'n inleidingsartikel van Die Burger met dié strekking.

Maar die O.B.-belange en voortbestaan was nooit op geen enkel oomblik nouer gekoppel aan, of meer afhanklik as die res van die Christendom van Duitsland as 'n ekonomiese, maatskaplike en kulturele faktor in die beskaafde en Christelike wêreld nie. As Duitsland se moontlike ondergang 'n verlies vir die O.B. is, is dit 'n ewe groot verlies vir die res van die beskaafde wêreld. Vir die Malan-groep nie minder en ander groepe nie die minste nie. Vir Churchill se nasie nie minder as vir die Nederlandse volk nie. Maar wie hier in Suid-Afrika gaan wen is 'n ander saak.

Suid-Afrika moet gered word. Nóg Engeland se Majesteit se regering in Suid-Afrika, met sy verbitterde en gewetenlose vervolging van ons, saam met sy middele van geweld teen ons, nóg sy Majesteit se Opposisie met sy gewetenlose belasting en skinderveldtogte, was in staat om die O.B. te vernietig. Nou vra ek, watter mag kan? Seer seker nie die geldmag nie, ook nie die mag van

partyskap in Suid-Afrika nie, en net so min die ontketende kommunisme.

In 1914-15, ook gedurende 'n wêreld-oorlog teen Duitsland was die Afrikaners wat in opstand teen die imperialistiese bewind gekom het, vervolg, in tronke met harde arbeid opgesluit, verag deur mede-Afrikaners, uitgeskel deur Party-manne. Hulle was ook genoem Duitse handlangers. Duitsland het verloor, maar die gees van die rebelle het gewen en in 1924 regeer! Die O.B. gaan ook.

Die volksbeweging staan tans onverwinklik, sy ideaal onuitwisbaar, en die oorwinning is versekerd so lank hy die onwrikbare wil besit om homself te handhaaf en die volk van vreemde oorheersing te bevry. Suid-Afrika sal gered word!

PLUIMVEE


Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk

MOERMARK (Postbus 7185) NEWTON



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando
-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

KOMMISSIE-AGENTSAP

LAAT U MEDE-BOERENDE-BOERE SE
YWERIGE KOMMISSIEAGENTSAP, DIE
VOLKSKOPER MARK

Beperk,
Wolhuterstraat 62,
NEWTON JOHANNESBURG,
U PLUIMVEE, EIERE, LEVENDEHAWE,
VRUGTE EN ALLE ANDER SOORTE PRO-
DUKTE VIR U VOORDELIG VERKOOP.
Lense — „DIENS.”

AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower
3 silwer bekere en verskeie
eerste pryse op Paarl Wyn-
tentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder

JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR”

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

	Per Bottel	Per Gelling
Spesiaal	2/3	10/-
Rooi Jeripiko	1/9	8/-
Wit Jeripiko	1/9	8/-
Malmsey	1/9	8/-
Soet Muskadel — rooi	1/8	7/6
Soet Muskadel — wit	1/8	7/6
Soet Port	1/8	7/6
Port	1/6	7/-
Pontak	1/6	7/-
Worcester Hock	1/6	7/-
Spesiale Sjerrie	1/6	7/-
Sjerrie	1/5	6/6
Moskonfyt	1/6	6/6

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels
en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal
word by terugsending spoorvrag be-
taald.

L.W. — Wyn word alleen in Kis-
sies van 12 groot bottels of Vaatjies
van 5 gell. en meer verkoop.

Term: K.M.B. plus treingeld na
slyne van K.B.A. plus treinkommissie
v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voor-
sien in Kissies van 12 bottels of in 4-gel.
karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- res-
pektiewelik is.

**WAS AFHANKLIK VAN
NOODHULPFONDS**

Die sekretaris van die Noodhulp-
fonds as ook offisiere ontvang nog
steeds dankbetuigings van gesinne
wat deur die Fonds tydens gevan-
genenskap van hul mans onderhou is.
So skryf mev. B. Kruger van Pre-
toria-Wes o.a. as volg aan die gene-
raal van Pretoria: „Graag wil ek
u bedank vir u moeite en vriende-
likheid wat ek van die O.B.-Nood-
hulpfonds ontvang het gedurende
die tyd wat my man in die inter-
neringskamp was. Daar ek feitlik
geheel en al afhanklik was van u
ondersteuning voel ek my nie in
staat om my dankbaarheid in woor-
de om te sit nie. Soos ek reeds aan
mnr. Puren (sekr. van die Nood-
hulpfonds) geskryf het, is my
eggenoot nou weer vry en het 'n
betrekking gekry sodat verdere on-
dersteuning van die Noodhulpfonds
nie meer nodig sal wees nie. Mag
God u en die ander personelede
seën om die edel werk solank nodig
voort te sit.”

**SAL DIE BURGER
SELF VERSLAG DOEN?**

Daar is handlangers van die Malan-
party wat uit politieke nawyde die
O.B. se noodhulppoging met belaste-
ring probeer ondermyn. Die Burger
self bestendig in 'n sub-hoofartikel
van 1 September nog weer die indruk
dat die O.B.-fondse nie geouditeer
word nie, wat beslis onwaar is; die
O.B. se boeke word gereeld geoudi-
teer. Dit pas Die Burger nie om met
insinuasies teen die O.B.-Noodhulp-
fonds te kom nie, hoe versigtig ookal
gestel. Hierdie blad het onder lei-
ding van dr. Malan in 1942 ook 'n
Noodhulpfonds gestig ten behoeve
van die afhanklikes van gevange Afri-
kaners. Meer as £1000 is deur die
publiek daartoe bygedra, maar nog
geen verslag is totsover omtrent be-
steding van die geld gedoen nie. So
'n verslag is miskien nodig met die
oog op bewerings dat die bedrag of
'n groot gedeelte daarvan op vaste
deposito in die bank weggesit is, na-
dat insamelings daarvoor al twee jaar
gelede gestaak is.

**Waarom Weier H.N.P.-Koerante
Noodhulp-Advertensies****Gratis Oproep vir Oorlogsliggaam**

„Die Burger voldoen vandag graag
aan 'n versoek van die organiseerders
om steun te vra vir 'n Holland-week
wat aanstaande week oor die hele
land vir die insameling van klere
en ander bydrae ten behoeve van
die noodlydendes in Holland gehou
word..... Onses insiens sou dit beter
gewees het indien 'n ander organi-
sasie as Sawas, 'n oorlogsliggaam,
met die insameling belas was. Dan
sou daar minder kans vir misver-
stand gewees het. Maar die blote
insameling deur Sawas maak dit nog
geen oorlogsfonds nie.”

So skryf Die Burger in sy HOOF-
ARTIKEL van 25 Augustus l.l. Ons
wil nie beswaar maak teen wat die
blad hier gesê het nie, want ons
het dit geensins teen hulpverlening
aan die Hollandse noodlydendes as
sodanig nie. Maar ons wil na aan-
leiding van hierdie beleid wat deur
die blad neergelê word, die vraag
stel waarom 'n Afrikaanse pers
„graag voldoen” aan 'n versoek van
'n oorlogsliggaam om dié se fonds
KOSTELOOS te propageer terwyl hy
volhardend weier om 'n Afrikaans-
republikeinse organisasie se Nood-
hulpfonds vir AFRIKAANSE nood-
lydendes te propageer selfs al word
hy versoek om dit teen BETALING
te doen soos hy Joodse koopware
propageer teen betaling?

JODE EN RAMPOKKERS

Meer as twee jaar lank onderhou
die Ossewabrandwag 'n paar honderd
Afrikaanse gesinne van wie die brood-
winners weens die oorlogsomstandig-
hede weggeruk is. Byna £50,000 is
teen hoë offering vir dié doel in-
gesamel. Vir meer as twee jaar pro-
beer hierdie Noodhulpfonds om 'n
advertensie in Die Burger en ander
Malan-blaaie geplaas te kry. Hierdie
fonds is bereid om dieselfde tarief
te betaal vir so 'n advertensie as
wat die Jode betaal om hul koopware
in dieselfde blaai te adverteer. Vir
meer as twee jaar al word hierdie
aansoek geweier.

Miskien, so sal Die Burger en sy
geesgenote pleit, is hulle nie gereed
om hul kosbare ruimte aan Afrikaan-
se „rampokkers” te verkoop nie, en
daarom verkoop hulle dit lievers aan
Joodse uitbuiters en oorlogsorgani-
sasies. Daarom het hy geen beswaar
gehad om, by voorbeeld, 'n paar ly-
wige advertensies ten behoeve van
die oorlogskavalkade te plaas nie.
Hierdie vreemde uitbuiters is vir hul-
le baie nader as hul „ontaarde”
broers. Maar nou kom Die Burger
self en sê dat dit geen saak maak
DEUR wie die geld ingesamel word
nie, solank dit maar net vir die goeie
doel gaan om vroue en kinders in
Holland te help. „Die blote insame-
ling deur Sawas maak dit nog geen
oorlogsfonds nie,” verklaar die blad.
Dus maak die blote insameling deur
die Ossewabrandwag mos ook nog
geen rampokkerfonds van die Nood-
hulpfonds nie. Wat vir Holland geld,
geld ten minste seker ook vir die
eie volk.

En die feit dat hulle wel adver-
tensies vir Joodse uitbuiters plaas,
trek self 'n streep deur so 'n argu-
ment, want hier is die doel verry-
king van die Jood self, en daarteen
het hulle geen beswaar nie.

Maar, so mag die vrome blad ver-
der teenwerp, hy gee nie om as 'n
oorlogsliggaam geld insamel vir
Hollandse vroue en kinders nie, maar
hy het wel beswaar daarteen dat
daar geld ingesamel word vir die
onderhoud van vroue en kinders van
Afrikaanse „rampokkers.” Dog ook
hier kan die blad nie verby kom nie,
want hy het self twee jaar gelede
'n beroep op die publiek gedoen om
geld te gee vir hierdie „rampokker-
vroue en -kinders. As hy sedertdien
beswaar daarteen gevind het, moet
daardie beswaar van politieke aard
wees en nie prinsipiële nie. Ons kom
dus tot die gevolgtrekking dat Die
Burger en sy geesgenote geen begin-

selbeswaar kan inbring teen die pro-
pagering van die Ossewabrandwag
se Noodhulpfonds vir Afrikaanse
vroue en kindertjies wat terwille van
die vryheid van hul volk ly nie. Hulle
kan slegs terwille van politieke
oorwegings beswaar maak daarteen.

Maar oorlogsliggame soos die Sa-
was (Suid-Afrikaanse Vroue-hulp-
diens in belang van die oorlog) ver-
skil ook politiek van Die Burger.
Hulle het egter geen beswaar om
hierdie liggame se fondse GRATIS
te adverteer nie, selfs al geld dit
hulpverlening aan volke in die buite-
land. Wel het hulle beswaar om
teen BETALING advertensies te
plaas van Afrikaans-republikeinse
liggame soos die Ossewabrandwag
ten behoeve van vroue en kinders.

Sou dit wees omdat hierdie poli-
tiese NADER staan aan 'n oorlog wat
deur die Britse Empire in belang
van die Empire gevoer word, as wat
hulle staan aan 'n republiek wat deur
die Ossewabrandwag in belang van die
Afrikanervolk gebring word? Adv.
Strydom het mos gesê: „As die
Ossewabrandwag nou die Republiek
bring, wat bly daar dan vir die Party
oor?” In die Empire is daar mos
dareem nog plek vir 'n opposisieparty!
En terwille van daardie plek kan
Afrikaanse vroue en kinders wat teen
die Empire veg, maar honger ly.


**WAAR DR. MALAN WEL
SUKSES BEHAAL**

Hoe skitterend dr. Malan daarin
slaag om vyandskap tussen Afrika-
ners en selfs bloedverwante te saai
met sy onsmaklike oorlogsverkla-
rings, blyk uit die volgende betreu-
ingswaardige voorval in een van die
Johannesburgse voorstede. 'n Vrou
van 'n geïnterneerde het 'n deel van
haar meubels en hul motor by haar
tante gelaat op laasgenoemde se uit-
nodiging. Die meubels is deur hulle
gebruik. Die vrou het onlangs haar
intrek geneem by 'n familielid van
haar man, en het laasgenoemde ge-
stuur om haar meubels en motor te
gaan kry by haar oom. Laasgenoem-
de het die besoeker toegesnou met:
„Julle rampokkers wat aan die O.B.
behoort wat so 'n lafhartige aanval
op mnr. Mentz gedoen het.” Hy
het geweier om die meubels en
motor af te gee tensy daar £100
voor betaal word as stoorgeld. „Dit
kan deur die O.B. of die S.J.'s be-
taal word,” het hy gesê. Die besoek-
er het egter teëgewerp dat dit nie
die O.B. se eiendom is nie, en is
onverrigtersake terug. Die geïnter-
neerde se vrou is toe self daarheen
saam met die vorige persoon. Weer
is die aanvalle op die O.B. gedoen,
en toe laasgenoemde eendelik die
huis weens die onsmaklikhede ver-
laat, het die huisbaas hom van agter
bygeleop en 'n skop gegee.

Voordat dr. Malan met sy onge-
gronde beskuldigings gekom het,
was een van sy volgelinge be-
reid om ook 'n mensliwende daad
teenoor 'n vervolgte mede-Afrika-
ner te doen, maar nou vervolg hy
self. Sy teenstanders kan dr. Malan
nie breek nie, maar hy skitter in
die opbreking van sy eie volk.

REGERING DOEN IETS!

Na talle klage oor die tekort aan
polisiekrigte en die toenemende mis-
daad, onderwyl die Regering 'n vyf-
tienhonderd konstabels in die leer
gedwing het, het die regering nou
besluit dat die oorlogstoestand gun-
stig genoeg is om die polisiemag
weer uit die leer te versterk. Een
man is uit die leer vrygestel vir
polisiediens. Hy is maj.-genl. I. P.
de Villiers wat weer kommissaris van
polisie gaan word. Met hierdie uit-
gebreide toevoeging tot die Polisie-
mag, behoort misdaad nou te ver-
dwyn.

**GOEIE
GEREEDSKAP...**

is onmisbaar vir goeie werk.

U toekomstige welvaart het ook
„goeie gereedskap” nodig —



'n Sanlam-polis

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE
LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

TAKKE DWARDEUR DIE UNIE

HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

NIKS IN PLEK VAN O.B.
SÊ PROF. DU PLESSIS
Sal Partyleiers Dalk Moet
Wegvaag

Politieke agente het na aanleiding van 'n brief van prof. L. J. du Plessis in die Vaderland waar hy dit gehad het oor 'n nuwe begin op parlementêre gebied, rondgehoop met die storie dat prof. Du Plessis, wat self lid van die Grootraad is, die Ossewabrandwag verwerp en iets nuuts wil stig. In die Vaderland van 28 Augustus ontken prof. Du Plessis hierdie bewering. „In die eerste plek het ek nie bedoel om enigsins te kenne te gee dat ek as lid van die Ossewabrandwag se Grootraad uitsien na iets om die plek van die Ossewabrandwag in te neem nie,” verklaar hy „Die nuwe beweging waarvan ek geskryf het as noodsaaklik, het betrekking op die parlementêre front waarop die O.B. tot nog toe nie direk opgetree het nie. My gedagtes is juis aan die gang gesit deur die onlangse uitspraak van die O.B.-hoof dat dit nodig kan word vir die O.B. om 'n parlementêre of eleksiefront te skep.”

Prof. Du Plessis verklaar dan verder dat hy van die gedagte uitgegaan dat die O.B. sal voortbestaan as volksbeweging en geleidelik weer sal groei in omvang en krag, en dat hy moontlik self die nuwe begin aan die gang kan sit ook op die gebied van die parlementêre stryd, al sou dit dan wees 'n parlementêre stryd teen die parlement. In die verlede, so verklaar prof. Du Plessis, het hy gemeen dat die beste weg sou wees dat alle nasionaalgesindes maar hulle steun aan dr. Malan moet gee, al wou hy nie met verwante groepe saamwerk nie. Hy het gedag dat dit die sterks moontlike kombinasie sou wees en dat dit dr. Malan sou verplig om by 'n komende beslissende eleksie wel deeglik rekening te hou met sy verskillende soorte ondersteuners. Hierdie moontlikheid is egter nou van die baan af, eerstens deur die dreigement van dr. Malan om O.B.-lede uit sy partygeleedere uit te sluit en tweedens deur die blykbare onwil van ander groepe om hul krag agter hom in te gooi.

Ten slotte verklaar prof. Du Plessis dat daar 'n nuwe gees nodig is in plaas van die ou partygees. As dit nie anders kan nie moet 'n groepie met die leiding voortgaan wat versamel en nie verstrooi nie. Deur hul voorbeeld en groeiende mag moet hulle die partyleiers verplig om hul harte te verander en anders hulle finaal wegvaag van die pad van Suid-Afrika, waar hulle alleen die lig daarvoor verdonker. Daarvoor is 'n leier nodig, en hy soek na so 'n leier, maar sal self tevrede wees as die O.B. hom aanwys.

DR. MALAN NEEM NIE
AAN NIE

Dr. Malan het die uitdaging van die Adjunk-K.G. om die O.B. se Noodhulpfonds self te laat ondersoek deur 'n ouditeur nie aangeneem nie. Hy beweer dat dit 'n saak is tussen die O.B. en die „twyfelaars” (menende lasteraars) en nie syne of die party s'n nie, vergetende dat dit lede en agente van sy party is wat die stories versprei.

Hy roem daarop dat „die Nasionale Party nog nooit te kla gehad het oor belastering en skinderstories nie,” omdat sy hoofbestuur en kongresse volle beheer het oor sy fondse, en dit elke lid vry staan om miiging daaromtrent te verkry. Geouditeerde verslae vir die Noodhulpfonds word periodiek aan die Noodhulpkomitee en jaarliks aan die Grootraad voorgelê, en is te eniger tyd vir insage beskikbaar aan 'n donateur. Vandaar die uitdaging van genl. Smith na aanleiding van dr. Malan se insinuasie te Citrusdal.

As dr. Malan geen klagte oor laster het nie, moet dit dan daaraan toegevoeg word dat hy nie die H.N.P. tot vyand het nie?

Kommando's Lewer Tot Vyfvoudige
Vermeerderings met O.B.-Dag
Geweldige Geesdrif Kenmerk Vierings

Verdere opgawes in verband met die opbrengste van O.B.-dag openbaar dat daar veral in die Transvaal geweldige vooruitgang was op die vorige jare. 'n Groot aantal plekke het hul insamelings verdubbel, terwyl 'n paar met viervoudige en selfs vyfvoudige vermeerderings kan spog. Alle kommando's berig teweens van toenemende geesdrif en nuwe lede. Dr. Malan se sabotasiepoging het 'n pynlike mislukking geblyk en het net die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat hy gehoop het. Geen wonder nie dat sy handlangers nou afsien van hul aanvalle op die Kommandant-generaal en in plaas daarvan moedeloosheid probeer saai met die storie dat hy dan sou bedank het. Dit is egter nie eens 'n wanhoopspoging nie — net 'n hensperry.

Onderstaande opbrengste van plekke in Transvaal openbaar dr. Malan se klaaglike nederlaag:

Alberton: Hoofkommandantskap E4c (Germiston) het vanjaar weer hul funksie te Alberton gehou en die mooi bedrag van ongeveer £172 kon ingesamel word. Dit is 'n aansienlike verbetering op die £130 van verlede jaar. 'n Pragtige prestasie vir 'n deurgaans werkersgemeenskap van die Rand.

Heidelberg (Tvl.): Hierdie Kommando (E5b6) kon vanjaar sy prestasie verdubbel deur £125 in te samel in vergelyking met £67 verlede jaar.

Middelburg (Tvl.): Ook Kommando E6a7 het hul poging verdubbel en £66 ingesamel teenoor £32 verlede jaar.

Randfontein: Hierdie Kommando (E1b6) kan roem op 'n byna vyfmaal groter opbrengs! Onder leiding van ywerige offisiere kon vanjaar £91 ingesamel word in vergelyking met slegs £21 verlede jaar. Lyk dit na doodkry?

Lammerkop: (E6c7). Die klompie boere van Lammerkop het byna daarin geslaag om hul poging van verlede jaar te verviervoudig. Hulle kon vanjaar £120 insamel teenoor £35 verlede jaar.

Roosenekal: Kommando E6c6 het met hul opbrengs van £43 vanjaar 'n viervoudige verbetering op die £11 van verlede jaar aangeteken.

Amalia: (E10b7). Hierdie Kommando kon vanjaar £96 byeenbring.

Primrose: (E4b6). Hierdie werkersgemeenskap kon die mooi bedrag van £80 insamel.

Emmentaria: (E2a6). Hierdie klein kommando het vanjaar hul eie funksie gehou en kon £36 byeenbring.

Zwartkrans: Hierdie Kommando se poging ook oortref deur £63 in te samel op 19 Augustus. By die geleentheid is ook afskeid geneem van komdt. J. L. M. Venter wat na Potchefstroom vertrek. Sy plek word geneem deur komdt. F. C. van Dyk.

ANDER GEBIEDE

Prins Albert: Die opbrengs van die funksies gehou op 5 en 12 Augustus onderskeidelik op Zeekoegat en Prins Albert het £161 opgelewer wat presies 'n verdubbeling op verlede jaar se opbrengs is. Vier gewese O.B.-lede het by hierdie geleentheid weer aangesluit. Geen bedankings is ontvang in gevolge dr. Malan se skurp bevel nie.

Oudtshoorn: Met pragtige samewerking tussen die manne en vroue het Oudtshoorn-dorp die mooi bedrag van £200 ingebring op 5 Augustus, wat 'n aansienlike vermeerdering is van die vorige jaar. Die week tevore is verder ook nog £23 ingesamel vir die Noodhulpfonds.

Steynsburg: Op 12 Augustus het hierdie kommando £54 ingesamel. Met Vryheidsdag in Februarie is £29 vir die Noodhulpfonds ingesamel. „Ons gaan aan met ons werksaamhede en steur ons nie aan enige opponerende elemente of organisasies nie. Ons vertrou op God en het nie vrees vir die toekoms nie,” skryf die korrespondent.

Prieska: Die vooruitgang in hierdie kommando word weerspieël deur sy geldelike opbrengste oor twee jaar. In 1942 was die opbrengs met O.B.-dag ongeveer £12, verlede jaar £52, en vanjaar, tot datum, £114 en verwag word dat die finale bedrag vanjaar op £150 sal staan.

Moorreesburg (Natal) het op 5 Augustus 'n funksie gehou wat £82 ingebring het wat die bedrag van verlede jaar

met £52 oorskry. Die geesdrif neem toe in Natal ten spyte van oorweldigende vyandigheid, berig die korrespondent.

Blikfontein (in die Kimberley-generaalskap) het die mooi bedrag van £60 ingesamel. Daar was mooi handewerk, veral 'n bedjie gemaak deur serst. Tys Potgieter. Die aand is die toneelstukkie van mev. ds. Brink opgevoer deur die familie Keuler.

Moorreesburg se Boerejeug het hul funksie saam met die O.B.-kommando op 12 Augustus gehou. Die naaldwerk wat deur die dogters gemaak was, is meestal vervaardig uit afval-lappies en -wol. Die mooi bedrag van £32 is ingesamel.

Die Boerejeug van Prins Alfreds Hamlet en Ceres het die mooi bedrag van £34 10s. met O.B.-dag opgebring.

GRYSHEMDE OOR O.B.

In 'n omsendbrief, gedateer 10 Julie 1944, het die Kaapstadse kantoor van die Gryschemde vier bladsye gewy aan 'n ontleding van die O.B.-rigting. Dit eindig deur Suid-Afrika teen die O.B. te waarsku! Die aanval op die O.B. bestaan eintlik daaruit om deur middel van aanhalinge uit toesprake van die K.G., die brosjure „Vanwaar en Waarheen”, genl. Van der Walt se „'n Volk op Trek” en prof. Stoker se „Stryd om die Ordes” te bewys dat die O.B. Christelik-nasionaal en ook Calvinisties in wese en strewe is! Hiervan lei hulle af dat die O.B. internasionaal-geneigd en nie rasbewus is nie en daarom verder pasifisties van gees is, godsdiensoorloë nastrewe, nie teen die partypolitiek gekant is nie, met die Jood en naturel wil verbroeder, anti-nasionaal-sosialisties is, en dergelike onsinne meer! (Kyk ons hoofartikel).

£1000 vir u Oë

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

D U W A S

Die Antiseptiese en Helende Oogwas.

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof. Van alle Apteke, of direk van

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

VAN ZYLS

MANS-, SEUNS- EN SPORTUITTRUSTERS.

BESOEK ONS VIR AL U BENODIGHEDE.

DIE PAARL

OOK TE PORTERVILLE.

GILFILLAN en STROH

Die 100% Afrikaanse Fietshandel.

Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fiense; Handel met nuwe fiense en fietsonderdele.

Ons waarborg alle werk.

KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE
LAAT MAAK?
Besoek dan

RAUTENBACH'S

DIE DAMES EN MANS KLEREMAKERS

Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)

Foon: 229535. JOHANNESBURG.

LUCERN en AARTAPPELS

STUUR U PRODUKTE AAN

UNIE PRODUKTE

AGENTSAP

Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN

Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

„Die daad is alles,
niks die roem...”

— GOETHE.

Wil u 'n medeboumeester
word van die grootste ekon-
omiese Volksmonument in
ons land?

Raadpleeg

ASOKOR BPK.

Posbus 402, BLOEMFONTEIN.

MARKAGENTSAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

DIE O.B., WOENSDAG, 6 Sept. 1944.

Politieke Aanslag Op Ons Godsdien

Dit het onder ons aandag gekom dat mnr. L. Weichardt in die jongste tyd die Ossewabrandwag probeer benadeel nie met 'n aanval teen die Beweging self nie — wat ons koud laat — maar teen die godsdienstige beginsels van ons volk wat ook deur die Ossewabrandwag gehuldig word. So het hy onlangs op Stellenbosch voor 'n studente-gehoor meer of min die volgende argument gebruik: Die Ossewabrandwag staan vir Calvinisme, maar, so beduie hy, die Calvinisme is „internasionaal” en alles wat internasionaal is, is Joods. Hiervan moet afgelei word dat die Ossewabrandwag eintlik 'n Joodse organisasie is.

Voordat ons tot die heer Weichardt se argument self kom, laat ons net die woordjie internasionaal verduidelik. Die woord kan twee betekenisse hê, en mnr. Weichardt, as hy is wat hy aan die volk probeer voorgee te wees, behoort dit te weet. As daar gepraat word van 'n „internasionale organisasie” kan dit beteken 'n organisasie wat sy vlerke span oor verskillende volke, en soms selfs vyandig kan staan teenoor die volksgedagte.

ALLE VOLKE

Maar as daar gepraat word van 'n idee of 'n lewensopvatting wat „internasionaal” is, dan beteken dit dat daardie lewensopvatting nie net eie is aan een volk nie, maar dat meer as een volk dieselfde opvatting kan huldig. So by voorbeeld moet die nasionaal-sosialistiese beginsels van mnr. Weichardt internasionaal wees anders durf hy dit nie in Suid-Afrika propageer nie. As dit nie internasionaal is nie, d.w.s. eie aan meer as een volk kan wees nie, sou mnr. Weichardt se optrede niks anders as verdruisiging van ons volk beoog nie. In dieselfde sin word van Calvinisme gepraat as 'n internasionale lewensbeskouing, 'n lewensbeskouing wat deur meer as een volk aanvaar is as rigsgnoer vir sy godsdienstige en sedelike lewe. Calvinisme is internasionaal omdat die Christelike geloof internasionaal is, want Calvinisme is niks anders as die aanvaarding van die Christelike waarhede as grondslag vir die ganse lewe nie. Dit is die godsdien wat deur Jan van Riebeeck hierheen gebring is, wat deur die Puriteine na Amerika gebring is en wat deur die groot Hervormers in Engeland, Holland en ander Europese lande geplant is. Dit is die godsdien van die Franse Hugenote en van ons Hollandse voorvaders. As mnr. Weichardt nou teen hierdie godsdien te velde trek, trek hy te velde teen die godsdien van die Afrikanervolk. En die Afrikanervolk durf nie toelaat dat sy godsdien ondermyn word in 'n poging om 'n politieke organisasie te ondermyn wat op daardie godsdien gebaseer is nie. As die heer Weichardt en die syne nie kans sien om die Ossewabrandwag op grond van sy politieke beginsels onder te kry nie, is dit 'n gevaarlike spel om hom te probeer onderkry deur die volksfondament onder hom uit te grawe. Nóg ons nóg die volk sal hierdie getorring aan sy godsdienstige lewe duld.

„OMGEKOOP”

Dit het ook onder ons aandag gekom dat agente van hierdie rigting politieke steun vir hul groep probeer werf met aanvalle op die Afrikaanse kerke. Deur hierdie agente word vertel dat die verdeeldheid op kerklike gebied nie oor beginselsake gegaan het nie, maar dat dit die produk van Joodse geknoei is, net soos die Calvinisme self die skepping van Jode is. Hierdie mense weet te vertel dat Calvyn eintlik deur die Jode omgekoopt sou wees om kerklike hervorming teweeg te bring! Calvyn, die groot geestelike, wat homself deur sy vurige ywer vir God liggaamlik verteer het, hierdie man is deur

Die Oorlog is vyf jaar oud

(PROF. J. A. WHID.)

Die huidige Wêreldoorlog is vyf jaar oud. Dit was op 1 September 1939 dat die Duits-Poolse oorlog begin het. Die onmiddellike oorsaak van hierdie oorlog was die Duitse stad Danzig en die sogenaamde Poolse Korridor wat territoriaal die gebied van Oos-Pruise van die res van Duitsland geskei het. Die vrystad van Danzig sowel as die Poolse Korridor is produkte van die verdrag van Versailles aan die einde van die laaste Wêreldoorlog. Drie dae later, op 3 September 1939, het Brittanje en Frankryk aan Duitsland die oorlog verklaar. Die onmiddellike oorsaak was die Duitse aanval op Pole. Brittanje en Frankryk het aan die Pole 'n waarborg verstrek en die handhawing van hierdie waarborg was die onmiddellike oorsaak van die Brits-Franse oorlogsverklaring aan Duitsland. Die wesenlike oorsake van hierdie en ander oorloë gaan egter veel dieper en veel verder terug as die vonk wat 'n wêreldbrand veroorsaak. Oor dergelike oorsake kan nie by hierdie geleentheid uitgewei word nie.

Die Eerste Fase van die Oorlog.

Die huidige oorlog kan op die oomblik in twee fases verdeel word. In die eerste fase het die Duitsers 'n reeks skitterende oorwinnings behaal: Pole is binne enkele weke verslaan; Denemarke en Noorweë is beset en die Brits-Franse strydsmagte wat op laasgenoemde geland het, is uit die land verdryf; die veldtog in die weste het uitgeloopt op die besetting van Holland, België en Frankryk en die verdwyning van die Britte uit hierdie gebiede; Italië het nou aan die kant van Duitsland oorlogvoerend geword; die daaropvolgende veldtog op die Balkan het uitgeloopt op die Duits-Italiaanse besetting van Suid-Slawië en Griekeland en die verdwyning van die Britte uit die Balkan, Kreta en die strategies-belangrike eilande in die omgewing.

In hierdie eerste fase van die oorlog het die Duitsers deur 'n reeks blitsoorwinnings daarin geslaag om nuwe bondgenote soos Italië, Roemenië, Hongarye en Bulgarye te wen, die Britse strydsmagte uit die hele Europese vasteland behalwe Gibraltar te verdryf, Britse koloniale belange in die Middellandse See en in Noord-Afrika ernstig te bedreig, Brittanje self met bomme te bestook, en 'n venynige duikbootoorlog teen die Britse skeepvaart te voer. Die Duitsers het dus daarin geslaag om die eerste koalisie van vyande teen hom te breek. Van hierdie koalisie het alleen Brittanje en sy Statebond nog oorgebly.

Die Tweede Fase

Die tweede fase van die oorlog is ingelei deur toenemende Russiese drywighede in die rigting van Duits-

land. Die Russiese inmars in Pole in 1939, die daarop volgende Russiese oorlog teen Finland, die Russiese inlywing van die drie Oosese state, die Russiese anneksasie van Bessarabië en veral die Russiese erkenning van die nuwe staatsgreepregering in Suid-Slawië wat deur die Duitsers as 'n vyand beskou was, lewer bewys dat die Duits-Russiese nie-aanvalsverdrag van 1939 aan 'n dun draadje gehang het en dat Brittanje in Rusland 'n potensiële bondgenoot gehad het. Die potensiële bondgenoot het 'n werklike bondgenoot geword toe Duitsland in die somer van 1941 besluit het om die eerste te slaan. Die indrukwekkende oorwinnings wat die Duitsers in die somers van 1941 en 1942 tot aan die poorte van Leningrad, Moskou en Stalingrad en diep in Koukasië gevoer het, het egter geensins die verwagte ineenstorting van Rusland tot gevolg gehad nie. By Stalingrad het die Russiese Kolos geweldig teruggeslaan en sedertdien die Duitsers en hul bondgenote stelselmatig uit Rusland verdryf.

Inmiddels het Brittanje sowel as Duitsland nuwe bondgenote gekry. Die Verenigde State van Amerika wat sy aanvanklike „cash and carry” neutrale houding teenoor Brittanje met die onneutrale beleid van „shoot at sight” teenoor Duitsland verwissel het, het na Pearl Harbour openlik oorlogvoerend geword. Die blitsvinnige Japanse oorwinnings in die Verre Ooste ten koste van die Britse, Amerikaanse en Nederlandse koloniale ryke aldaar is ou nuus.

Gelyktydig met die Russiese oorwinning voor Stalingrad, het ook die Brits-Amerikaanse offensief in Noord-Afrika en later in Italië aan die oorlog 'n nuwe wending gegee. Die Duitse duikbootwapen het opgehou om 'n wesenlike gevaar vir die Brits-Amerikaanse skeepvaart te wees. Nie Duitse bomwerpers oor Brittanje nie maar Brits-Amerikaanse bomwerpers oor Duitsland, Italië en hul besette gebiede het gewoonte geword. Die kapitulasie van Italië deur die Badoglio-regering in 1943 was 'n ernstige terugslag vir die Duitsers.

Die oorlog in Rusland, in Italië, in die lug en op die see het dus definitief 'n gunstige wending vir die Geallieerdes geneem. Selfs in die Verre Ooste was dit nie die Japanners nie maar die Angel-Saksers wat aanvalle opgetree het. Die jongste Geallieerde landings in Frankryk en hul blitsvinnige opmars in die rigting van Duitsland, die Russiese suksesse in die ooste en die uitkakeling van Duitse bondgenote soos Roemenië, Bulgarye en Finland is almal suksesse, waarvoor die Geallieerdes rede het om te juig. 'n Oorlog het egter ook ander as militêre aspekte. Die volgende keer meer hieroor.

OU VADER SE OFFER

'n Ou Vader van 83 jaar, mnr. Van Wyk, het £2-10-0 aan die veldkornetskap Marydale (Prieska) geskenk as 'n offer vir Amajuba-dagviering. Dit is gestort in die Noodhulpfonds, waarvoor alle opbrengste van genoemde viering gaan.

Dringend Benodig

1. Tenvolle gekwalifiseerde tweetalige Smouthand, met deeglike kennis van Steenwerk.
2. Tenvolle gekwalifiseerde tweetalige Masjien-Setter, (Intertype).
3. Tenvolle gekwalifiseerde Drukker (Machine Minder), met kennis van Kleurdruk.

Permanente Betrekkings, Unie Lone

Doen aansoek by

Pro Ecclesia-Drukkery

(Edms.) Bpk.

Bus 28

STELLENBOSCH

VERJAARDAGVIERING

Die Geboortedae van ons

KOMMANDAN T-GENERAAL

(DR. J. F. J. VAN RENSBURG)

en ons

Adjunk-Kommandant-Generaal

(MNR. J. A. SMITH)

word gevier in die

STADSAAL, PAARL

op die

19de SEPTEMBER 1944

om 7.45 n.m.

Alle Kommando's van omliggende Generaalskappe word versoek om alle pogings aan te wend om teenwoordig te wees.

KOM LUISTER NA BOODSKAPPE VAN ONS KOMMANDANT-GENERAAL EN ONS ASST.-KOMMANDANT-GENERAAL.

REISPROGRAM

van die

KOMMANDANT-GENERAAL

(Dr. J. F. J. VAN RENSBURG.)

Die K.G. sal vergaderings op die volgende plekke en tye toespreek. Waar die vergaderplek en tyd nie genoem word nie, sal dit plaaslik bekend gemaak word.

WILLISTON	13 September	— 10 vm.
CALVINIA	13	„
VREDENDAL	14	„
KAMMIESKROON	15	„
NABABEEP	16	„
CLANWILLIAM	18	„
PAARL	19	„
BEAUFORT-WES	21	„

7.45 nm.

Nuwe Mense Nodig om Sosiale Rewolusie te Bring

D.L. 7/44.

Ons is geneig om die nuwe tydgees, waardeur die Rewolusie van die Twintigste Eeu gedra word, bloot in terme van onpersoonlike stromings en verhoudings te verstaan. Vir hierdie doel maak ons dan gebruik van begrippe soos nasionalisme, sosialisme, e.d.m. Ons volstaan dan met 'n ontleding van die kenmerke van die nuwe rigting.

Om die nuwe rigting van hierdie eeu volledig te begryp moet ons egter 'n stappie verder gaan. Wat verder nodig is, is dat ons die mens, wat hierdie rigting dra en uitbou, van nader moet beskou. 'n Nuwe rigting kan nie deur die mens van die ou rigting verteenwoordig word nie. Die nuwe rigting verg 'n nuwe mens met 'n nuwe gees.

Die mens van die ou orde, nl. van die liberalistiese en kapitalistiese orde, was en is 'n selfsugtige wese wat sy eie belange en begeertes vooropstel. Dit is iemand wat net vir homself sorg, want so redeneer hy, „wie anders sal vir my sorg?” Dit is iemand wat net sy eie belange najaag, al moet hy ander uitroei om dit reg te kry. In die gemeenskap wat uit hierdie soort mense bestaan, heers daar 'n voortdurende stryd van een teen die ander.

KRUMMELS

Die mens van die ou orde stel homself graag voor as 'n selfbewuste sterk mens vol selfvertroue. Dog diep in sy hart voel hy nie gelukkig oor sy roemlose selfsugtigheid nie. Hy probeer of om sy glerige houding goed te praat of, en dit is meestal die geval, om 'n vrome kleed oor sy naakte inhuligheid te hang. En om sy vroomheid enigszins 'n kleur van werklikheid na buite te laat aanneem, staan hy graag bekend as iemand wat sy hand diep in sy sak steek vir die armes in die gemeenskap. Al gee hy dan net die krummels wat van sy oorvloedige tafel afval. Hy is dan die eerste om sy paar muntstukkie in die kollektiebussies op die straat-hoeke te gooi en dan heeldag met die „etiket van barmhartigheid” te paradeer. Sy linkerhand weet van die aalmoese wat sy regterhand uitdeel.

Meestal, egter, verberg hy sy selfsug deur homself as 'n vrome voor te doen. Hy ontwikkel 'n kompensasieloushouding (huigelry). Dit kom daarop neer dat hy hom as net die teenoorgestelde van wat hy werklik is aan die gemeenskap voorhou. Hy wil graag bekend wees as die super-Christen wat sy ganse lewe net aan die welsyn van andere wy! Sy daad en sy praatjies verteenwoordig egter twee teenstrydige houdings.

Hoe die mens van die ou orde ookal sy werklike karakter probeer wegsteek, hy openbaar die kenmerke van 'n huigelaar. Hy is in wese 'n halwe mens en 'n halwe mens is 'n swakkeling. Die swakkeling soek krag in getalle. Hy is gewoonlik 'n goeie demokraat. Sy eie wiefelinge en onsekerhede steek hy agter slimpraatjies-wetenskap noem hy dit—weg. Van alles maak hy 'n beginsel omdat hy net een beginsel uitleef, nl. wat my eie belange bevorder is goed.

NIE IN STAAT

Hierdie mens van die ou orde is nie in staat om die nuwe rigting van die huidige eeu te dra en uit te hou nie. Die nuwe mens van die nuwe tyd is immers iemand wat die belang van die gemeenskap vooropstel, een vir almal en almal vir elkeen. Hy soek die welsyn van die gemeenskap waarvan hy 'n natuurlike lid is en daardeur vind hy ook sy eie geestelike en stoflike welsyn. Hy doen dit deur te offer en te dien.

Die nuwe mens is bewus van sy eie swakhede wat hy moet oorwin. Vir hom is daar geen behoefte aan 'n kompensasielousheid om homself mee toe te dek nie, want sy diepste strewe is eerlik in diens van die gemeenskap. Hy is manlik en reguit en bereid om verantwoordelikheid vir sy

dade te dra. Hy weet dat hy nie volmaak is nie en daarom hoef hy nie te huigel nie. Hy weet dat sy daad sy karakter openbaar en daarom hoef hy nie heeldag slimpraatjies oor homself te voer nie.

Die nuwe mens van die nuwe tyd soek nie krag in getalle nie maar in die vastigheid van inbors. Hy is geen demokraat nie. Hy wil 'n volle mens wees wat nie met die halfheid van 'n sogenaamde verstandsmens tevrede is nie. Hy ken in die eerste plek pligte en is bereid om die volle gewig daarvan te dra. Die logika van die hart is vir hom net so onmisbaar as die logika van die verstand.

POLITICI „ONTHEF” K.G. VAN O.B.-LEIERSKAP

Met Demokratiese „Daad”

Nadat die politici drie jaar lank die Ossewabrandwag probeer breek het deur O.B.-lede se vertroue in hul leier te skok met allerhande skinderstories teen die persoon van dr. Van Rensburg, het hulle nou 'n heeltemal nuwe metode uit wanhoop aangewend. Hulle vertel nou aan O.B.-mense dat dr. Van Rensburg dan sou bedank het as leier en dat dit dus onnodig is om langer aan die Ossewabrandwag te behoort! Dit is die demokratiese metode van doen — jy sê maar net wat jy te swak is om met die daad te bereik.

Dit is onnodig om hierdie onsinnigheid te weerlê. Die Ossewabrandwag vier op 19 September te Paarl die verjaardag van sy leier, dr. Hans van Rensburg.

JOODSE VREES?

Magistrate in Johannesburg het onsenbriewe uitgestuur waarin hulle verklaar: „Dit is die beleid van die Departement van Justisie om nie persone wat lid van die Ossewabrandwag of dergelike organisasies is aan te stel as lid van die drank-lisensierade nie. U word dus versoek om toe te sien dat die persone wat benoem word, nie lid van dergelike organisasies is nie.”

Ons weet almal dat die drankhandel vir die grootste deel in hande van Jode is. Sou die teenwoordigheid van O.B.-lede in die lisensierade deur die Jode as bedreiging van hul monopolie beskou word?

PIROW EN GRYSHEMDE

Na berig word het adv. Oswald Pirow en mnr. L. Weichardt, Grys-hemp, 'n ooreenkoms aangegaan tot samewerking. Die vooruitsig bestaan dat hulle later sal saamsmelt tot 'n nasionaal-sosialistiese organisasie. Dit is moeilik te verstaan hoe adv. Pirow wat aanspraak maak op die ondersteuning van O.B.-lede, kan saamwerk met 'n groep wat die O.B. besonder vyandiggesind is en verder 'n verstandhouding met die regering het om geen propaganda teen die oorlog te maak nie.

DIE ROAF-ROLPRENT

Van alle kante word Organisasie-hoofkwartier lastig geval met navrae in verband met die Roaf-rolprent-vertonings. Dit is geen O.B.-onderneming hoegenaamd nie, maar 'n private onderneming waarvoor die O.B. geen verantwoordelikheid dra nie. Wel is ons gevra om aan Gebiedskwartiere kennis te gee van die reisplan, omdat veronderstel word dat die rolprent van propagandistiese waarde is. Geen verpligting hoegenaamd word op enige O.B.-offisier of Brandwag geplaas om die onderneming te ondersteun nie.

WROU TREK WEER IN TRANSVAAL LAER

Na aanleiding van die groot sukses van die Vrouevolksorg-laertrekkinge te Vlaktefontein, Roodepoort, is besluit om vanaf 30 September tot 9 Oktober 1944 weer 'n laertrekking op dieselfde terrein te hou. Alle Vroue wat moontlik kan, word ten sterkste aanbeveel om hierdie laer by te woon, en dit word verwag dat elke vroue-kommando in Gebied E ten minste een verteenwoordiger sal stuur. Indien die Kommandante self nie teenwoordig kan wees nie, moet sy iemand in haar plek stuur.

Vroue wat van voornemens is om die laertrekking by te woon, moet sorg dat hul name met fooie nie later nie as Woensdag, 20 September mev. K. Malan, Voortrekkergebou 403, Johannesburg, bereik. Inskrywingsvorme moet aangevra word.

WIL GEEN GELD HOU: Kommando se Ywer

'n Voorbeeld van die kragtige reaksie wat dr. Malan se skeurbevel op O.B.-lede gehad het, word verskaf deur die kommando van Perde-eiland. Dit is 'n arm kommandotjie. Kommandant P. P. Louw skryf dat hulle geen bedankings gekry het nie, dog 'n paar nuwe aansluitings. Hul opbrengs is sewe pond hoër as verlede jaar, en die kommando weier om die 10 persent wat hulle vir hul eie kas kon hou, af te trek. Hulle stuur die hele bedrag na die Gebiedskantoor slegs met aftrekking van die vyf persent wat na die generalkas moet gaan. „Ons kas is sterk genoeg om ons kommando-koste te dek en ons sal wagstaan oor ons fondse,” skryf die kommandant.

VERGADERING

Alle Skiereiland Kommando's word uitgenooi na 'n GROOT SAMEKOMS in die

COLLINGWOOD-SAAL OBSERVATORY

op DINSdag, 12 SEPT.

om 7.30 n.m.

As hoofspreker sal optree

Die Adjunk Kommandant-Generaal MNR. J. A. SMITH.

Laat u teenwoordigheid dien as antwoord op ultimatum 2 van die H.N.P.

Ondersteun ons Blad

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat!

ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.

Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre. Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap. VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

U SAL HOU VAN ONS...

- Jasse
- Snyers-Baadjeepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE Voortrekkerweg — PAROW

ALGEMENE HANDELAAR

PRODUKTE KOPER

S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. GARCIA en NUWESTRAAT Foon 68 Bus 54

BEAUFORT-WES.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Termo uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.



Oefeninge

vir

GESONDHEID

VERSLANKING

en 'n

MOOI POSTUUR

Geen Drastiese Metodes.

Skryf aan:

VENUS

Posbus 9033 Johannesburg

ONS KOOP....

SLAGOSSE, TREKOSSE en MELKKOEIE!

ONS VERKOOP....

KAR- en TROLLIEPERDE, TREKOSSE en MELKKOEIE!

BADENHORST BROERS

Foon 55-3266

BRAKPAN

Ons het altyd 'n groot voorraad beskikbaar.

Ook kan ons u vee deur die Voedselkontroleur bemark.

BEL ONS VIR DIE PERMIT.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

BLOM. — Aan mnr. en mev. D. Blom, Merweville, 'n fris boere-seun op 31 Julie 1944. Dank aan dokter en verpleegster.

BOTMA. — Aan mnr. en mev. D. J. Botma, Eureka, Ceres, 'n fris O.B.-seun op 24 Augustus. Naas die Heer ons dank aan dokter en suster.

BOSHOF. — Aan Genl. en mev. W. H. Boshoff (E1), 'n fris O.B.-seun op 24 Augustus 1944.

MARITZ. — Aan Korp. en Korporale G. P. Maritz, Maritzdrif, Barberton, 'n fris O.B.-dogter op 22 Augustus. Naas die Goede Gewer, dank aan oma Strydom en tant Gerrie Maritz.

VERLOWING

ROUX — LOUW. Hennie en Maynie Louw, van Vredhof Flrgrove, maak hiermee die verlowing bekend van hul oudste dogter Anna, met Joubert (Tos), seun van mnr. en wyle mev. John Roux van Springbok.

DOODBERIG

BOTES. — Deur die dood ons ontnem op die 25ste Augustus, ons innig geliefde dogter en suster, Christina Maria, in die jeugdige ouderdom van agtien jaar. Slaap rustig liewe Christelle. Haar bedroefde ouers, susters en broers.

BOTES. — Deur haar Opperbevelhebber opgeroep vir hoër diens vanuit die Wynberg Kommando A166, Brandwag C. M. Botes, dogter van Komdt. en mev. C. A. Botes. Sy was still en sag van geaardheid, deur vele bemin. Ons innig meegewoel aan die bedroefde familie. H/komdt. P. D. Cilliers, namens Wynberg Kommando's.

DANKBETUIGING

GELDENHUIS. — Komdt. en Komdt. B. H. Geldenhuys, Hermanus, wens hiermee al hulle offisiere en manskappe hartlik te bedank vir die pragtige samewerking en vrywilligheid getoon met fondsdag, 8 Augustus. Die mooi sommetjie van £59/2/6 is ingesamel. Ons weet dat sonder opoffering van elkeen ons dit nie kon behaal het nie. Spesiale dank aan die vroue wat so pragtig gewoek het.

VERJAARDAGWENSE

VAN AARDE. — 'n Geseënde verjaardag word Hoo-kommandante Van Aarde toegewens. Hou moed tot die eind oorwinning. Dit is die wense van die Kelmoes Vrouekommando.

PERSOONLIK

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotografe nie! Kunstwerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisenstfoto's. Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadssaal Johannesburg. Foon 33-6756.

Boere ondersteun die man wat nog altyd in u belang opgetree het. Stuur u wot aan mnr. P. W. Pohl, Port Elizabeth. Verteenwoordiger vir Victoria-Wes, Carnarvon, Van Wyksvlei, Vosburg, Richmond, Murraysburg en Loxton. P. W. S. Wenworth, Victoria-Wes.

NAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.

DI EERSTE EGTE AFRIKAANSE AF-ALABRISIGHEID.—Venduesies word enige tyd op enige plek gereël. In ons venduesie lokaie word artikkele ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Elendomsagente en reël verbande. Afrikaanse Nasionale Afsaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Saniam-Gebou, Pretoria. Foon 3,1366. — Foon 515.

EXCELSIOR HAARSNIERS SALON. Sewe Haarsnyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg. Eienaar J. J. Boshoff.

JONG onderwyser (27 jaar) wens te korresponder met jong Afrikaner-dame (18 tot 23 jaar). Moet beginselvass, christelik en O.B. goedgesind wees. Skrywe aan: W. G. O., Posbus 13, Kirkwood.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluk- en lewende hawe aan: H. Basson, Markt-agentskap, Breestraat 100, Newton.

BETREKKING GEVRA

JONG Afrikaner-seun van 20 jaar soek 'n betrekking as voorman. Ondervinding van gesaides en veeboerdery. Wil graag in vee-distrik betrekking hê. Sober, eerlik en hard-werkend. Doen aansoek by X.Y.Z., Posbus 38, Pearson, K.P.

BENODIG

ONGETROUDE, hardwerkende jong man as voorman. Moet sober en goedgehumeerd wees, moet deurstellingsvermoë hê en taktvol met werksvolk op die plaas werk. So gou moontlik te begin. Beloning £4 per maand en een-tiende van gesaides. Vir een jaar vry losies. D. Steyn, Bultfontein.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groot Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

BETREKKING VAKANT

APPLIKASIES word ingewag vir 'n mans en dames snelskrif tikster, met of sonder vorige ondervinding. Losies word verskaf by ons Kwekerybestuurder te Eikenhof. Sertifikate en getuiskrifte gemerk „Applikasie,” aan: Herholdt se Boomkwekery, Posbus 660, Johannesburg.

BENODIG 'n assistent-huishoudster, bo 25 jaar vir 'n privaat woning te Kaapstad. Aanvangssalaris £5 per maand met vrye inwoning. Pligte aanvaar te word vanaf 1 Oktober. Rig applikasies en getuiskrifte aan: „Die O.B.,” Bus 1411, Kaapstad.

TE KOOP GEVRA

FRIES-VERSE vanaf sesmaande oud. Enige hoeveelheid, maar kwaliteit 'n vereiste. Besonderhede en laagste prys aan Bus 6, Devon.

SUIG-GAS masjiene van omtrent 60 tot 90 p.k.; kompleet met gas produksietoestel. Moet in goeie werkende toestand wees. Meld prys en besonderhede aan. P. H. van Wyk, Posbus 7, Barkly-Wes.

TE KOOP

BESTEL dadelik dagoud-kulke, Austral-ors, Leghorn. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Volgeboek tot end September. Vanaf dan 3,000 per week. £5 per 100 vanaf helfte Oktober. Vooruit betaalbaar of K.B.A. H. R. Malan, Pk. Kersfontein, Die Paarl. Foon 6203.

BOEGOE. — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15/- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudts-hoorn.

DIE volgende eersteklas ulesaad: Vroë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strool kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. Gert van Mooyen, Bus 41, Uniondale.

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteel is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.

KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. Springbok-Meubels, Spenceerweg 18, Sout Rivier.

MELK en **VLEIS.**—Dunbar Rooi-poenskop-stoetery bied geregiereerde en hoëgraad jong bulle aan. Almal kalwers van die ingevoerde top-stoetbul „Knepp Sollicitor” teen redelike pryse. Om verdere besonderhede en pryse skryf of besoek: Enslin, Pos Gloria, Middelburg, Tvl.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredeheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Unie-stasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir sout-lek. Die beste soutlek teen gellisek en haars-wurm teen 20/- per sak. V.O.S. ons laai-stasies. Kontant met bestelling aan Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.

OPREGTE, Chantenay en Nantes Wortelsaad, 12/- per pond. 7/- per half pond. Beste Australiese Bruin Ulesaad 6/- per pond, 4/- per half pond, gesertifiseer. K.M.B. posvry. J. J. Spies, Premier Saadkweker, „Rust en Vrede,” P.K. Schoemanshoek, Oudts-hoorn.

PATATRANKE. — Gewaarborgde sesmaande droëgrondpatatranke 7/- per sak van 80 lb. Kontant met bestelling. Vry gelewer op my stasie. Johannes Terblanche, Glencoe, Bus 75, Mosselbaai.

PATATRANKE. — Mool uitgespruite rooigrond ranke; kort litte, — sesmaande. Prye 7/- vir 80 pond driemaande Borrie en wit 5/- vir 40 pond. Gelewer Serpentine-Sylyn K.M.B. P. J. Gerber, P/sn., P.K. Hoek-wil, Dist. George.

PATATRANKE. — Sesmaande Brandwag Patat-ranke. Sesmaande 7/- vir 83 pond. Borrie en wit 5/- vir 43 pond. Gelewer Serpentine Sylyn K.M.B. P. J. Gerber, (O. Sn.), Hoek-wil, George.

PATATRANKE. — Sesmaande, volsak 7/- Gesny vir plant per 1,000, 15/- Tevredeheid gewaarborg. Kontant geen K.B.A. J. H. Gerber, Privatsak Serpentine, George.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plote en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rente-koers. J. G. Benadé, Naabankgebou, Bloemfontein.

RAMME — Merino Stoetery. — Beperkte hoeveelheid Wanganelia ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstekende kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtydig. Pryse vanaf £5 vir kudde. J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.

SPEELSKIE. — Bottelskeie teen 3/9; Vier-kantige koppe 4/6. Koes Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, badens, sepietse tenks, pilare, vloertels, voertrode. Enig-jets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 253, Pretoria.

TE KOOP

1937 OLDSMOBILE Coupe (met 1938 hernude enjin vat slegs 2,000 myl gedoen het, na hernuwing). Kleur donker-groen; aantreklike voorkoms; 4 bande; 2 bande half-slyt, 2 nog goed vir tydelike diens; paar nuwe binnebande. Gelisensier vir 1944. V.O.S. enige stasie in Unie van S.A. (Kopers risiko), na ontvangs van eerste tjek vir £250. Enigste rede van verkoop — eienaar kan nie bande kry nie. 'n Winskopie. Skryf aan M. D. Maartens, Jnr., Paardefontein, Cedarville.

GEREGISTREERDE Afrikaner Koel, gemiddeld nege jaar oud. Goel telers, het lank met geregistreerde bulle geloop. Gelewer op spoor. Navraag by: Haarloff, Uitkomst, Graaff-Reinet.

WYNE

5 GELLING Muskadel-Likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet terug-gestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

HERHOLDT se **BOOMKWEKERY** Posbus 660, JOHANNESBURG

KRISANTE — Oktober-November planttyd. Ons „DONOU” Versameling, glorierykleurskakering, uitstaande pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6. Ons „OPERA” Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6. Ons „LUUKSE” Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6. Ons „TUIN” Versameling, pragtige soorte gesoort. 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6. **AMERIKAANSE BOOMANGELIERS**, pienk, rooi, saam ens., gesoort 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte. Kontant met bestelling. Sierstruik, Sierbome, Heiningbome, Rose in blieke.

Zanddrift-Besproeiingsraad

HOOF-WATERFISKAAL EN OPSIGTER

Applikasies vir hierdie pos word ingewag tot 20ste September 1944. Applikante moet in besit wees van motorbestuurderslisensie, en moet meld hul skoolopleiding, ouderdom, huwelikstaat, gesondheidstoestand en kennis van betonwerk en bekwaamheid om toesig oor werke en werkmense te hou. Raad verskaf motorvoertuig vir vervoer. Salaris aangebied £25 per maand en vry woning in Raad se huis te Bonnievale. Sek. Zanddrift-Besproeiingsraad, BONNIEVALE.

OLIVIER BROS.

MÔREMARK

NEWTOWN

JOHANNESBURG

STUUR U PRODUKTE AAN U MEDE-AFRIKANER VIR BESTE RESULTATE

en **ONMIDDELLIKE AFREKENING.** Posbus 5923. Foon 33-5530.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

GRAND NATIONAL HOTEL

MANSHAARKAPPERSALON

EKSCLUSIEF

VIR NETHEID EN DIENS

ELEKTRIESE APPARAAT IN GEBRUIK

KOOP HIER U ROOIGOED EN TOILET-BENODIGHEDE

HORLOSIE HERSTELWERK WORD ONDERNEEM

Eienares MEV. H. M. VORSTER

(Foon 22-4867)

De Villiersstraat 51,

JOHANNESBURG.

VLAKEY HOOFKARTIER GEBOED „E”

VERJAARDAGKETING

7 Sept.: Josina de Goede, Observatory, Gawie Havenga, Maribogo; Susanna M. Louw, Marchand; Mimmie Moolman, Strandkloof; Graham Langeveldt, Woodstock; Danie Roux, Franschoek; Maggie Minnie, Aughrables; Elizabeth van der Westhuizen, Loxton.

8 Sept.: Esias E. van Rooyen, Stellenbosch; Seppie du Toit, P.K. Maribogo; Sybrand de Beer, Upington; Etienne van Wielligh, Paardeberg; Anna Nortje, P.K. Gembokvlakte; Hendrik J. Moller, P.K. Legkraal.

9 Sept.: Elsie Burger, Bellville; Hettie Schoemans, Somers-Oos; Magrieta M. Keyser, Loxton.

10 Sept.: Christoffel van Rensburg, P.K. Leeukloof; Eleonore M. Hugo, Moorreesburg; John Murray, Loxton; Wessel J. Bardenhorst, O'Kiep; Petronella J. de Beer, Letsitele.

11 Sept.: Helena van Tonder, N. Paarl; Gert Gouws, P.E.; Jacoba Westraad, Kirkwood; Elizabeth P. de Wet, Beaufort-Wes; John Fourie, Observatory; Helena van Tonder, Paarl.

12 Sept.: Andries I. Nel, Sidwell, P.E.; Elsie T. Botes, Merweville; Roelof A. T. v. d. Merwe, Bellville; Alta Moolman, Bedford; Jac. Cornelius Fourie, P.K. Leeuwkloof; Bertha de Bruyn, P.K. Vanzylstrust; Esther v. d. Spuy, N. Paarl; Theunis Swane-pool, Wellington; Jacobus D. Fourie, Kirkwood; Johanna M. Minnie, Sidwell; Cornelia E. Vivier, Beaufort-Wes; Agnes de Theron, Fraserburg; Maria M. C. le Roux, P.K. Baltimore; Stephanie A. C. Venter, P.K. Zoetdoorn.

13 Sept.: Jakobus Ellis, George; Johanna Vivier, Beaufort-Wes; Christie Jordaan, N. Paarl; Anna van Zyl, Goodwood.

14 Sept.: Johanna D. Botha, Groot-Brak-rivier; Petronella du Plessis, P.K. Ellof; Frederick, Osborne, Eppingtindorp.

„ORDELIKSTE OPTOG”

SÊ VYANDE

Potchefstroom Vier Fees

Die hoofkommandantskap van Potchefstroom het op 12 Augustus O.B.-dag gevier.

Na die ontvangs van die Kommandant-generaal buitekant die dorp is 'n optog deur die strate gehou, met Kerkstraat langs Park-toe. Vooraan die speerpunt was die Boerejeug-orke — een van die indrukwekkendste en ordelikste optogte wat Potchefstroom nog belewe het, verklar die vyande selfs.

Die verkoping, wat deur genl. Labuschagne geopen is, het die hele dag aangehou, en £210 is ingesamel in die saal met O.B.-vaandels versier, waarin offisiere en Brandwagte met die bekende selfloosheid gewerk het. Die mooi gees van samewerking word allerweë geloof.

Voor hoofgeneraal Van der Walt se toespraak is die vlaghysing-sere-monie uitgevoer, en voor die K.G. aan die woord gekom het, die vlag-wisseling. Alles het bygedra tot die waardigheid van die herdenkingsdag. Met die kollektelyste is ook aangedoen by 'n oud-geïnterneerde, hoofsaaklik om hom mee te deel dat hy onder omstandighede vanjaar verbygegaan word. Hy het sy beursie nitegehaal en 'n halfkroon aangebied. „Nou hou ek nog 2/3 oor vir die maand” — en dit was aan die begin van die maand. „Ek doen dit net aan die O.B., omdat die O.B. die enigste was wat aan my gedink het en my gesin versorg het.” Dit is die gees wat die mense wat die Ossewabrandwag beveg, nie ken nie en nie verstaan nie. — (Ingestuur).

Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk

Posbus 26 Foon 62-1115

M A R A I S B U R G

MÔREMARK PRETORIA

BOERE! vir die beste dienste, stuur u produkte, eiers, en lewendehawe, aan ons vriende

PRINSLOO & VENTER

WELGEMOEDGEBOU

Bus 361 Telefoon 2-2208

P R E T O R I A